

Gevorderde Diploma in Projekbestuur 2017

NKR (NQF) vlak 7 • 130 krediete • SAQA ID-nommer: 99024

Akademia

Akademia is 'n hoëronderwysinstelling wat geakkrediteerde kwalifikasies in Afrikaans aanbied. Studente kan hoër sertifikate (1 jaar), 'n gevorderde diploma (1 jaar) en grade (3 jaar) in verskeie studierigtings by Akademia verwerf. Akademia gebruik nuwe tegnologie vir die optimale ondersteuning van ons studente. Akademia rus mense toe om meer mededingend in die arbeidsmark te wees.

Die program

Die Gevorderde Diploma in Projekbestuur bemagtig die student om die beginsels van Projekbestuur te verstaan en om dié beginsels in die praktyk toe te pas, sodat projekte suksesvol ontwikkel en bestuur kan word. Dit rus studente toe met kennis en vaardighede in projekbestuur, projekuitvoering en beheer, tydsbeplanning, kostebestuur en projekkwaliteit en -risikobestuur.

Vir wie is hierdie program?

Suid-Afrika het bekwame en opgeleide projekbestuurders nodig wat projekte kan administreer en bestuur. Suksesvolle projekuitvoering verhoog die kwaliteit van ondernemings, dit ontwikkel welgestelde gemeenskappe en 'n welgestelde land.

Toelatingsvereistes

'n Geakkrediteerde driejaarkwalifikasie op NKR vlak 6 of gelykstaande/hoër EN ten minste drie jaar praktiese werkervaring in 'n veld ooreenstemmend met die vlak 6-kwalifikasie.

Deurlopende modules

- Inleiding tot Projekbestuur
- Projektydsbestuur
- Projektkostebestuur
- Projektkwaliteit- en risikobestuur
- Projekuitvoeringbestuur
- Korporatiewe Projekbestuur.

Assessering

Formatiewe Assessering

(Deurlopende assessering – 40% van finale punt)

- 3 werkopdragte – die beste 2 werkopdragpunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.
- 3 toetse – die beste 2 toetspunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.

'n Minimum van 40% vir 'n jaarpunt moet behaal word vir eksamentoelating.

Summatiewe assessering

(Samevattende finale assessering – 60% van finale punt)

Daar word 'n finale oopboek- en toeboekeksamen aan die einde van die jaar geskryf oor die volle programinhoud asook die indiening van 'n projekplan wat gelyke gewig dra tot die finale 60%.

Kontaksessies (na-ure)

Kontaksessies en E-leer-tutoriale is verpligtend en dit word by die TWEE studiesentrums n.l. Centurion en Bellville aangebied. Studente moet 4 kontaksessies by die studiesentrums bywoon soos in die jaarbeplanning vervat is. Studente moet ook 9 E-leer-tutoriale op die studentestelsel (Moodle) voltooi. Die deelname hieraan word gemonitor en dit maak deel uit van die verpligte klasbywoningvereistes.

Tydsduur van program

Die program kan in 'n minimum van 1 jaar voltooi word.

Kwalifikasie

Ná die suksesvolle voltooiing van die program ontvang studente 'n Akademia Gevorderde Diploma in Projekbestuur wat formeel tydens 'n formele promosieplegtigheid oorhandig sal word.

Kontakbesonderhede

Skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos na navrae@akademia.ac.za